
# 482 Voort gaan die vorstelike vlag




En uit die sy van onse Heer
wyd oopgeklowe en geskeur
kom daar ‘n reinigende vloed
dis water en gemeng met bloed.

Vervul is wat die Dawidslied
profeties aan sy hoorders bied:
Hy word die heidene se Heer
noudat Hy van die Kruis regeer.

Die kruishout het as boom gebloei
en vir die heil’ge doel gegroei,
vir daardie vorstelike gloed
die purper van die Heer see bloed.

Met arms gestrek soos aan ‘n skaal
het Hy vir ons die prys betaal,
en daar het Hy, soos lank beloof,
die rower van sy prooi beroof.

Aan U, drie-enig God en Heer,
kom toe aanbidding, lof en eer,
U wat ons deur die Kruis genees
sal immer onse Leidsman wees.

Venantius Fortunatus (530-609)

Freylinghausen se Gesangboek (1704)